VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**

Jaar 11 - Uitgawe 25
Kontak ons: kerkinfo@ngkvs.co.za

8 Augustus 2014

Beste Vrypossers

1. LESING DEUR BESOEKENDE GASDOSENT - UV FAKULTEIT TEOLOGIE: Die Departement

Sistematiese Teologie van die Universiteit van die Vrystaat, nooi alle belangstellendes hartlik uit na 'n lesing deur **prof Eduardo Echeverria**, besoekende gasdosent van die *Graduate School of Theology*, Detroit, Michigan, VSA. Sy lesing val binne die groter *Ecumenical lecture series* en is getiteld, *Retrieving GC Berkhouwer's ecumenical legacy*. Dié geleentheid vind op **Woensdag 13 Augustus 2014 vanaf 09:10** in die H van der Merwe Scholtzsaal, kamer 33 (UV kampus) plaas. Alle belangstellendes is welkom.

2. GEMEENTES BIED AAN:

NG BRANDFORT - GOSPELDIENS MET FRANCOIS & ELIZABETH FOURIE: Hierdie musikale geleentheid

vind op **Sondag 17 Augustus 2014 vanaf 09:30**, by die *Tri-Hunt* Reservaat te Brandfort, plaas. Koste is R75pp (sluit braaipak met bykosse in) – bring julle piekniekmandjies, kampstoele, eetgerei en kom kuier lekker saam! Vir navrae of kaartjies, skakel die kerkkantoor op 051 821 1109 (k/u 08:00 – 13:00), of vir Nellie Schutte by 074 888 1346.

WOODLAND HILLS NG GEMEENSKAPSKERK:

- ✓ **50 Dae Veldtog: "Hoop wat groei en groei!":** Woodland Hills, saam met 79 ander gemeentes in die land, **skop DV op Sondag 17 Augustus 2014 met hierdie veldtog af**. Gesinne en gesinseenhede word opgeroep om in te skryf. Elke besoekpunt sal 'n Dagstukkieboekie ontvang en kleingroepe word ook gevorm. Die eredienste, die kleingroepe, die katkisasie en jeugwerk, sal alles op hierdie tema fokus. Skakel vir Judy by 051 451 1261 (k/u 08:00 – 13:00), indien u meer besonderhede verlang.

- ✓ **"Woodland Hills GOT/HET Talent":** Die hele Bloemfontein-gemeenskap, word opgeroep om deel te hê aan hierdie geleentheid wat op **Vrydag 5 September 2014 vanaf 18:30** sal plaasvind. Uitstallers kan hulle handvervaardigde ware teen R150/stalletjie buite die Gemeenskapsentrum kom uitstal. Talent-inskrywings vir individue per item, is R75 en R150 vir groepe. Toegang beloop R50pp, waarby 'n lekker kerrievetkoek en koffie/tee ingesluit is. Kom lag en kuier gerus saam met hulle. Alle winste word ten bate van die bedieninge in die plakkerskampe te Ooshoek aangewend. Skakel vir Judy by 051 451 1261 (k/u 08:00 – 13:00), of vir Anton op 079 895 3914 vir meer inligting.

- ✓ **Dames Tee/High Tea:** Die dames van Woodland Hills bied op **Saterdag 20 September 2014** ‘n

High Tea aan @ R280pp in die **Woodland Hills Venue** (let wel) aan en die gaskunstenaar is **Elizma Theron**. Kaartjies is beskikbaar by die Kerkkantoor, skakel 051 451 1261 (k/u 08:00 – 13:00).

- ✓ Vir enige van Woodland Hills se ander aksies of uitreike, volg hulle webblad by **www.whgemkerk.co.za**.

NG FICHARDTKRUIN ORRELVERJAARSDAG: Hierdie gemeente beskik oor ‘n baie uitsonderlike orrel



met meganiese aksie. Dié orrel is deur prof Deon Lamprecht ontwerp en het ook dan 30 jaar gelede die inwyding van die orrel waargeneem. Gedurende die **naweek van 22 en 24 Augustus 2014**, keer prof Lamprecht terug na Bloemfontein om op **Vrydag 22 Augustus 2014 om 19:00 ‘n gratis een-uur orrelkonsert** te gee. Op **Sondag 24 Augustus 2014 om 09:00** tree hy ook **tydens die erediens** in die gemeente op. Alle liefhebbers van orrelmusiek word hartlik uitgenooi om in hierdie geleentheid te kom deel. Vir enige navrae, kontak vir Lydia du Plessis by 051 421 1563.

NG STEYNSRUS:

- ✓ **‘n Lekker basaar:** Dit gaan op **Saterdag 30 Augustus 2014 vanaf 09:00 die oggend** op die kerkterrein te Haasbroekstraat, plaasvind en alle belangstellendes word uitgenooi om hierdie geleentheid saam met die gemeentelede te kom geniet. By ‘n kafeetjie kan jy lekker ontbyt kom geniet, daar gaan ‘n oupa en ouma-*look a like*-kompetisie, asook ‘n rugbyraai- en skyfskietkompetisies gehou word. Al die ander lekker dinge van ‘n basaar, soos verskeie eet- en drinkgoed, tombolatafel, asook ‘n wit-olifantveiling sal jy hier kan vind. Die jongklomp gaan ook help verf aan ‘n Jubelfees-banier. Kontak die kerkkantoor op 056 471 0217 (k/u Di-Vr 08:00-13:00) indien jy meer inligting verlang.

- ✓ **4 x 4 Pretnaweek:** Hierdie fondsinsamelingsgeleentheid van die gemeente, vind tydens die **naweek van 12 - 14 September 2014** by Riverside-oord naby Steynsrus, plaas. Verskeie voertuigmaatskappye gaan ook by die geleentheid uitstal en die koste verbonde aan die naweek is: R250 per voertuig (deelnemend) / R50 per pretrit (Quad- of motorfiets) / R50 per toeskouer / kampeerplek @ R180 per nag. Vir navrae, kontak vir Thinus Crous by 082 573 4836, vir akkommodasie, skakel 056 471 0812 of 083 444 5499, of Van Niekerkshof Gastehuis by 082 414 3174. Indien iemand die gemeente met borgskappe vir hierdie naweek kan ondersteun, kontak asseblief ook vir Thinus Crous.

NG HOSPITAALPARK - *KERMIS... MET “SPROKIES...” AS TEMA: (Regstelling)* Neem asseblief kennis dat hierdie geleentheid wat op **Saterdag 30 Augustus 2014** gaan plaasvind, **reeds om 08:30 gaan begin** en nie eers vanaf 09:00 soos verlede week berig is nie. Vir meer inligting kan Hantie Meyer by die kerkkantoor, op weeksdae vanaf 08:00 tot 13:00 by 051 522 3059 gekontak word.

3. WERKSWINKELS / KURSUSSE / OPLEIDING:

WERKSWINKEL: ‘n ***Transformations***-werkswinkel, *Re-authoring our extraordinary lives*, word op **1 en 2 September 2014 in Bloemfontein** aangebied. Fasilteerders, organisasies en persone wat konflik moet bestuur sal hierby baatvind, dit word aangebied deur Chené Swart, ‘n guru in die narratief, sowel as in die bestuur van organisasies. Koste is R950pp, kontak vir Igno van Niekerk op 083 376 1330 – klik ook **hier** vir ‘n dokument met volledige inligting.

KURSUS IN SPIRITUELE BEGELEIDING (18 MAANDE): Die **sesde rondte** van hierdie kursus wat **op 25 Januarie 2015 begin**, gaan deur die volgende span aangebied word: Willem Nicol, Stefan Botha,

Suzette Fischer, Nicolin Hoffman, Joke Nicol, Marina Strydom en Immanuel van Tonder. Dit gaan bestaan uit vyf blokke van drie dae elk in die eerste jaar en twee blokke in die tweede jaar, deels by Stellastraatgemeente in Pretoria en deels by *Sediba Mountain Retreat* langs die Hartbeespoortdam. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 17 Oktober 2014** en predikante kan tot 150 VBO-punte vir die bywoning hiervan, verdien. Vir uitvoerige inligting, asook die aansoekprosedure, kontak mev Ané Louw by **ane@freetobe.co.za** – enige ander navrae kan gerig word aan Willem Nicol by **wnicol@mweb.co.za**, of skakel 012 345 2927. Klik ook **hier** vir 'n meer volledige dokument oor hierdie kursus.

4. MOOIGENOEGKAMP VIR HOëRSKOOLLEERLINGE: Hierdie jaarlikse kamp vir leerlinge vanaf graad 8 tot 12, word **vanaf Saterdag 4 Oktober tot Donderdag 9 Oktober 2014** by die Mooigenoeg Kampterrein in Bloemfontein aangebied. Dr Wollie Grobler, Attie Rall en Morné Bruwer is die aanbieders en koste beloop R800pp – inskrywingsvorms is by die kerkkantoor van die NG Gemeente Bloemfontein-Noord (Klipkerk) te Tweedestraat beskikbaar, of skakel 051 448 1419 (k/u Ma-Vr 08:00-12:00).

5. SAKE VANUIT DIE KANTOOR VAN DIE ALGEMENE SINODE: Die volgende persvrystellings word deurgegee as deel van die kommunikasie van die Dagbestuur van die Moderamen aan die kerkverband:

SUID-AFRIKAANSE RAAD VAN KERKE SE VERKLARING OOR GASA EN DIE ISRAEL-PALESTYNSE KONFLIK: Dr Kobus Gerber laat weet: *Verteenwoordigers van lidkerke, waaronder ook die NG Kerk, het Maandag in Johannesburg vergader om aan hierdie krisis aandag te gee.* Klik asseblief **hier** vir die uitgereikte verklaring.

TOERUSTINGSONDAG: Die Algemene Sinode se Netwerk vir Lidmaatbemagtiging (waarop elkeen van die sinodes verteenwoordig is), herinner gemeentes graag daaraan dat Sondag **14 September** 2014, amptelik geoormerk is as **Toerustingsondag**. Dié netwerk wil met die hulp van *Bybel-Media*, gemeentes help om dié Sondag op 'n besonderse manier te gebruik. Klik **hier** vir 'n paar wenke.

6. BEROEPENUUS:

Die **NG Gemeente Allanridge** het vir **emeritusleraar JS Wepener** as Vastetermynleraar (kontrak) beroep.

Ds DE (Dougy) Bubb van die NG Gemeente Bethlehem-Efrata, het 'n **beroep na die NG Gemeente Bainsvlei, Bloemfontein aangeneem** – datum van bevestiging is nog onbekend *(Seënwense vir jou en die gesin, ds Dougy, mag julle baie gelukkig in Bloemfontein wees, sterkte met die inpak en groot trek...!)*

7. VAKATURES: Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Amptelik*** - ***Vakatures***.

8. LIEF EN LEED:

Met leedwese: **Prof Pieter Verster** van die Dept Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie (UV), se vader is gisteroggend oorlede – hy het in die Serenitas Aftree-oord gebly, waar hy tuisverpleging ontvang het. Aangesien prof Pieter se broer in Frankryk is, kon begrafnisreëlings nog nie gefinaliseer word nie. *(Mag die Here se liefdevolle nabyheid vir u en die familie vertroosting bied in hierdie hartseertyd).*

Voorbidding: **Ds Basie Fourie, leraar van die NG Gemeente Luckhoff**, het Woensdagoggend 6 Augustus 2014, 'n hartomleidingsoperasie in Bloemfontein ondergaan. *(Ons bid vir u 'n volkome hersteltyd toe, mag u spoedig weer u pligte in die gemeente hervat).*

Goeie nuus!: Na ons beriggewing verlede week oor **Amanda de Lange** se noodoperasie tydens hul vakansie in Tshipise, kan ons met dankbaarheid bekendmaak dat sy en Hennie veilig terug is by hulle huis in Bloemfontein nadat sy ook 'n tweede operasie moes ondergaan. Onder omstandighede gaan dit goed met haar en wens ons vir haar 'n spoedige herstel toe na dié onaangename verassing!

9. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in 'n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal - neem asseblief daarvan kennis!

Algemeen:
Studente - Beurse en lenings: aansoeke voor 31 Aug 2014 ingedien wees
Nuwe webblad – NG Kerk Vrystaat
Pretstap Aurora Sentrum (bewusmaking vir substans-afh): 13/9
Retreate-naweek vir predikantsvroue, Menuha: 3-5/10 (bespreek voor 1/9)
Richard Blackaby besoek Bfn: 3,4/9

Gemeentes bied aan:
NG Heuwelkruin vier Vrouedag: 9/8 om 09:00
Ring van Smithfield – Vrouekonferensie by NG Zastron: 9/8
NG Bedelia vier fees: 16/8 om 10:00
NG Bultfontein-Oos vier 60 jaar: Naweek van 22 – 24/9
NG Hospitaalpark – Pretstap: 23/8 om 09:00

Vakatures:
NG Bultfontein-Oos - Orrelis: sluit 29/8
ENGO Gesinsorg, Virginia – Maatskaplike werker (Dringend!)

10. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die komende week, hul verjaarsdae vier - mooi wense vir 'n geseënde en vreugdevolle nuwe lewensjaar:

8 Aug:
Dr Wollie Grobler - BLOEMFONTEIN-NOORD - 051 436 4378, 082 829 8718, **wollie992@telkomsa.net**

10 Aug:
Ds Jan Venter - GARDENIAPARK - 072 215 2917, **venterjh@telkomsa.net**
Ds Elize Stander - JACOBSDAL - 053 591 0040, 074 710 2620, **elizestander222@gmail.com**

11 Aug:
Dr Johan Kruger - RIEBEECKSTAD-ERFDEEL - 057 388 2526, 084 256 8031, **krugerjs@mweb.co.za**

12 Aug:
Dr Nico Dicks - WELKOM-SUID - 057 352 3767, 083 780 8300, **nicodicks@afrihost.co.za**

14 Aug:
Ds Hannes du Plessis - REITZ - 058 863 1115, 072 601 4511, **hannesduplessis7@gmail.com**

11. TEN SLOTTE:



'n Ruiker vir elke vrou in ons lesersgebied – julle elkeen is baie spesiaal en met sorg deur God gemaak... geniet jou vrou wees!

Groetnis tot volgende keer.

ANDRé ESTERHUIZEN
Voorsitter & Redakteur (**fin@ngkvs.co.za**)
Samesteller: Thea Bosman (**kerkinfo@ngkvs.co.za**)
namens Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP ***VRYPOS*** WIL **INTEKEN**, KLIK **hier** **(meld asseblief ook u gemeente/dorp)**
AS U ***VRYPOS*** WIL **KANSELLEER**, KLIK **hier** **(dit sal 'n fout wees!)**
Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za**

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

TOERUSTINGSONDAG:

1) Maak gerus gebruik van die preek in *Woord en Fees –preekstudies en liturgiese voorstelle* (BM/Communitas). Dié Sondag se skrifgedeelte is Rom 14:1-12 en sal van 8 September beskikbaar wees. Verdere toeligting en 'n toepaslike *Powerpoint*-aanbieding is te kry by **www.bybelmedia.co.za** (onder "gemeentedienste/luisterseisoenpreke), of **www.gemeentes.co.za** en ook by **www.seisoenvanluister.co.za/**
2) Daar is 'n kort video (Gebed om leerbaarheid) wat u aan die begin of die einde van die diens kan vertoon, klik **hier** daarvoor.
3) Maak seker dat u die koerant "Nuwe Harte", wat saam met *Kerkbode* en *Kruisgewys* uitgestuur word, ontvang. Die Sondag wat vir dié wye aksie vir moraliteitsvernuwing geskeduleer is, is ook 14 September en die tema is, ***Nuwe harte luister na mekaar.*** Die preekstudie waarna hierbo verwys word (punt 1), sal daarby aansluit.
4) Verseker verder dat u betyds 'n aantal kopieë van "Gestuur"* bestel en dit op Toerustingsondag in die gemeente bekend stel (dit is die verkorte groepstudie wat op 'n eenvoudige manier gemeentes sal help om die epogmakende verslag van Nelus Niemandt en Piet Meiring oor gestuurdheid, wat tydens verlede jaar se Algemene Sinode aanvaar is, in hulle alledaagse lidmaatskap te integreer.) Bestel dit **hier** (bestellings van meer as tien eksemplare kwalifiseer vir 10% afslag.) *

Prys: R40.00 (14% BTW ingesluit)
Gestuur vertel die storie van die nuwe droom oor die kerk. Voor die Algemene Sinode van 2013 het die NG Kerk besef daar is op baie plekke in die wêreld, ook in die kerk, lewendige gesprekke oor geloof en die kerk aan die gang. Hulle het toe die vars en nuwe gedagtes uit dié gesprekke in 'n beleidsdokument saamgevat sodat ons saam nuwe, verbeeldingryke moontlikhede vir die toekoms van die kerk kan ontdek.

Lees meer | Laai in mandjie

Vir navrae kontak vir dr Jannie le Roux op 021 8561385 of 072 127 5043.

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD

1. ALGEMEEN:

- **BEURSE EN LENINGS – NG KERK VRYSTAAT:** Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarlikse beurse en lenings aan voltydse teologiese, sowel as nie-teologiese studente, toe. **Aansoekvorms** vir beurse en lenings ten opsigte van die **2015 studiejaar**, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. ***Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2014.*** Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Tertius of Christelle by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan studente@ngkvs.co.za. **NB** – ***hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. Voorwaardes geld.***

- **NG KERK VRYSTAAT SE NUWE WEBBLAD:** Die adres is www.ngkerkvrystaat.co.za - vanaf die webblad, is daar ook toegang tot 'n Blog, 'n *Facebook*-blad, sowel as *Twitter*. Ons ontvang graag kommentaar oor die webblad, stuur e-pos na kerkinfo@ngkvs.co.za

- **BEWUSMAKINGSGELEENTHEID TEEN SUBSTANS-AFHANKLIKHEID:** Die **Aurora Sentrum in Bloemfontein**, hou op **Saterdag 13 September 2014** 'n **5 km-pretstap** vir die hele gesin om fondse vir dié sentrum in te samel. Dit vind **vanaf 07:30 vir 08:00** by die Windmill Casino se terrein plaas, koste R50pp. Vir enige navrae, skakel 051 447 4111, of stuur 'n e-pos aan livefreefunwalk@gmail.com

- **RETREAT-NAWEEK VIR PREDIKANTSVROUE:** Hierdie geleentheid vind tydens die **naweek van 3 tot 5 Oktober 2014** by Menuha plaas. Die spreker tydens dié naweek is dr Johan Nel, pastorale terapeut en koste beloop R300 per persoon. **Bespreek vóór of op 1 September 2014 – op hierdie stadium is daar slegs plek vir nog 11 dames**, kontak dus dringend vir Joanie Theron op 051 406 6732 (k) om vas te stel of daar nog plek beskikbaar is.

- **BEKENDE SPREKER EN SKRYWER BESOEK BLOEMFONTEIN:** **Dr Richard Blackaby**, bekende spreker en skrywer van die gewilde *Beleef God*-materiaal, **besoek** Suid-Afrika gedurende September 2014 en **spesifiek vir Bloemfontein op 3 en 4 September**. Richard is die president van *Blackaby Ministries International* en woon in Atlanta, Georgia. Sy besoek is daarop gerig

om Besigheidspersone, Geestelike Leiers en huisgesinne aan te moedig om God te beleef en te ervaar en 'n verskil vir Jesus te maak. Moenie die geleentheid misloop nie – klik **hier** vir sy program in Bloemfontein. Vir meer inligting, kontak enige van die volgende persone: Charles James 082 322 5484, Arno van Niekerk 084 208 6211, Carel vd Merwe 082 821 7600, Nico Mostert 084 560 4671, of vir Sandra by NG Pellissier 051 422 4917 (k).

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **HEUWELKRUIN VIER VROUEDAG:** Dié gemeente bied op **Saterdag 9 Augustus 2014** 'n oggendtee aan met die tema *Kreatiwiteit* ter viering van Vrouedag. Kom geniet die geleentheid saam met hulle en luister na Brenda Myburgh wat met die dames gaan gesels oor *Superwoman*. Dit vind **vanaf 09:00 vir 09:30** by Heuwelkruin se kerkgebou te Stratfordstraat 43, Heuwelsig plaas – kaartjies kos R100pp en is by die kerkkantoor beskikbaar – skakel vir Liezel op 051 436 6634.

- **VROUEKONFERENSIE – RING VAN SMITHFIELD:** Dié geleentheid word op **Saterdag 9 Augustus 2014** by die **NG Gemeente Zastron aangebied**. Elanie Kruger sal as gasspreker optree - sy is deur 'n familielid as sekswerker aan 'n sindikaat verkoop en kom deel haar ervaringe met die dames. Kaartjies teen R50 is reeds beskikbaar - vroue word versoek om hul tienerdogters saam te bring, want hulle is die teikens vir hierdie tipe sindikate. Vir navrae, kontak vir Hannatjie by die Kerkkantoor op 051 673 1333 (Ma-Vr 08:00 – 13:00).

- **BEDELIA VIER FEES:** Hierdie geleentheid vind op **Saterdag 16 Augustus 2014 vanaf 10:00 – 14:00** te Brutusstraat 5, Bedelia in Welkom plaas – vir meer inligting, kontak die kerkkantoor by 057 352 2340 (Ma-Vr 09:00 tot 13:00), of vir ds McLaren op 082 452 4569.

- **BULTFONTEIN-OOS WORD 60 JAAR OUD!:** Tydens die **naweek van 22 – 24 Augustus 2014**, is die bekende en gewilde spreker, **ds Riekert Botha** (*Pleisters vir die Siel*), die gasspreker. Vir navrae, kontak vir Elna Kotze op 083 337 8849, of by 051 853 1340.

- **HOSPITAALPARK SE PRETSTAP:** Dit vind op **Saterdag 23 Augustus 2014 vanaf 09:00** by die kerkterrein te Mayostraat, Hospitaalpark, plaas. Die inskrywingsfooi is R10 vir volwassenes en R5 vir kinders, die afstand is 5 km en pryse sal daarna uitgedeel word... ook vir die persoon wat laaste klaarmaak! Skakel vir Willie Vorster by 082 829 4310 vir inligting oor hierdie geleentheid.

3. VAKATURES:

- **ORRELIS:** Die **NG Gemeente Bultfontein-Oos** beskik tans oor 'n vakature vir 'n orrelis – belangstellendes moet hul aansoeke met volledige CV **vóór Vrydag 29 Augustus 2014 aanstuur** na: Die Skriba, NG Gemeente Bultfontein-Oos, Posbus 435 Bultfontein 9670, of per e-pos aan **oos@mweb.co.za**

- **MAATSKAPLIKE WERKER - ENGO GESINSORG VIRGINIA:** Klik **hier** vir al die besonderhede.

TERUG NA INHOUD

BESOEK VAN DR RICHARD BLACKABY:

PROGRAM:
WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014:

10:30 - 15:30 Byeenkoms vir Geestelike Leiers
Plek: NG Gemeente Pellissier, Vlakfonteinlaan 6 Pellissier
Tema: *Spiritual Leadership*

Koste: R150pp - bespreek jou plek by 051 422 4917

18:30 - 20:00 Aandbyeenkoms vir Gesinne
Plek: NG Gemeente Pellissier, Vlakfonteinlaan 6, Pellissier
Tema: *Experiencing God at home*
Koste: Kollekte sal opgeneem word, geen besprekings

DONDERDAG 4 SEPTEMBER 2014:

7:30 - 9:00 Ontbyt vir Sakeleiers
Plek: Grey College (Grey Pavilion)
Tema: *God in the Marketplace*
Koste: R150pp – besprekings, sien by kontakpersone in hoofberig

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – ENGO GESINSORG:

MAATSKAPLIKE WERKER (VIRGINIA):

POSVEREISTES:

- Geregistreerde Maatskaplike Werker.
- Oor 'n bestuurslisensie beskik.
- Moet gemaklik in Afrikaans en Engels kan kommunikeer. Die taal van die werkgewer is Afrikaans.

Hierdie is 'n voldag pos - salaris onderhandelbaar, asook 'n 13de tjek en pensioenfonds met permanente aanstelling. Die standplaas is Virginia, gebied Vrystaat.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik.

Aansoeke met 'n volledige CV kan gerig word aan:

Die Kantoorhoof
Posbus 61
Virginia, 9430
Vir aandag: Mev J Ferreira
E-pos: kmdwin@telkomsa.net
Faks: 057 212 4241
Navrae: 057 212 4242

TERUG NA INHOUD

*Vrywaring / Disclaimer - Klik **hier***